

OMGEWINGSIMPAKSTUDIE

VIR DIE

VOORGESTELDE OPRIGTING VAN 'N 765 KV UITBREIDING
VAN DIE HYDRA SUBSTASIE EN DIE VOORGESTELDE
OPRIGTING VAN 'N 765 KV TRANSMISSIEKRAGLYN TUSSEN
DIE PERSEUS EN GAMMA SUBSTASIES, NOORD-
KAAPROVINSIE

Voorgestelde Gedeelte:

Suid-oos van De Aar na Gamma substasie:



Openbare Deelnamekantoor

Nicolene Venter of Prashika Reddy

Tegniese navrae: OIS

Rebecca Thomas

Bohlweki Environmental (Edms) Bpk

Posbus 11784

Valley, MIDRAND, 1686

Tel. (011) 466 3841 Faks (011) 466 3849

E-pos: hydra-gamma2@bohlweki.co.za

E-pos: rebeccat@bohlweki.co.za

DIE DOEL VAN HIERDIE DOKUMENT

Die doel van hierdie Agtergrond-inligtingsdokument (AID) is om belangstellende en geaffekteerde partye (B&GP's) in te lig aangaande die Omgewingsimpakstudie (OIS) wat onderneem word vir die *Voorgestelde uitbreiding van die 765 kV Hydra Substasie en die voorgestelde oprigting van 'n bykomende 765 kV Transmissiekraglyn tussen die Hydra en Gamma Substasies wat aansluit by die Perseus-Gamma 765 kV Transmissielyn* in die Noord-Kaaprovinsie, soos voorgestel deur Eskom Transmissie.

Benewens die verskaffing van inligting oor die voorgestelde uitgebreide Hydra Substasie, die bykomende 765 kV Transmissiekraglyn en die OIS-proses, bied hierdie AID die B&GP's ook die geleentheid om:

- te registreer as belanghebbendes in die openbare deelnameproses; en
- aanvanklike kommentaar en bydraes te lewer rakende die voorgestelde projek.

U KOMMENTAAR EN DEELNAME IS BELANGRIK

U kommentaar sal verseker dat alle tersaaklike vraagstukke in die OIS geëvalueer word. U word vriendelik versoek om die ingeslote Registrasie- en Kommentaarvorm te voltooi, 'n brief te skryf of om die openbare deelnamekantoor in Kyalami te skakel of te e-pos (kontakbesonderhede op voorblad). U sal dan verdere inligting oor die voorgestelde projek en die OIS-proses ontvang.

LYS VAN AFKORTINGS

AID	Agtergrond-inligtingsdokument
DESR	Konsep Omgewingsbestekopnameverslag
OIS	Omgewingsimpastudie
EIR	Omgewingsimpakverslag
EMP	Omgewingsbestuursplan
RoD	Rekord van Besluit
G&BP	Belangstellende en Geaffekteerde Party
NEMA	Nasionale Wet op Omgewingsbestuur
DEAT	Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme

AGTERGROND TOT DIE VOORGESTELDE PROJEK

'n Omgewingsimpakstudie (OIS) is voorheen onderneem vir 'n 765 kV Transmissiekraglyn vanaf Hydra Substasie na Gamma Substasie. Dié evaluering is onderneem ingevolge die OIS-regulasies wat op 5 September 1997 in Staatskennisgewing R1182 tot R1184 gepubliseer is, ingevolge Artikel 21 van die Wet op Omgewingsbewing (No. 73 van 1989), sowel as die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA; No. 107 van 1998).

Die omgewingstudies vir die oorspronklike projek is in 2 fases onderneem, ingevolge die OIS-regulasies, naamlik 'n Omgewingsbestekopnamestudie-fase en 'n Omgewingsimpakstudiefase.

In die uitvoering van die Omgewingsimpakstudie is Bohlweki Environmental deur 'n aantal spesialiste bygestaan ten einde beide positiewe en negatiewe potensiële omgewingsimpakte (maatskaplik en biofisies) wat met die projek mag gepaardgaan, omvattend te identifiseer, die belangrikheid van die geïdentifiseerde impakte te evalueer en, waar nodig, toepaslike versagende maatreëls voor te stel. Die span spesialiste het die potensiële impakte vir die voorlopige voorgestelde studie-area vir die Gamma Substasie en die 765 kV Transmissiekraglyn geïdentifiseer en geëvalueer (in terme van hul kundigheidsvelde). Hierdie spesialisstudies het die volgende ingesluit:

- Geologie
- Plantegroei en ekologie
- Voëllewe
- Grond en landboupotensiaal
- Oppervlakwater
- Erfenisimpakte
- Visuele aspekte en estetika
- Toerismepotensiaal
- Sosiale omgewing

'n Omvattende openbare deelnameproses is as deel van die OIS-proses onderneem en het konsultasie ingesluit met individue en organisasies vanuit die breër studieveld wat 'n wye spektrum van sektore en Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) verteenwoordig. Hierdie konsultasieproses het bestaan uit telefoniese onderhoude, Fokusgroepvergaderings, werksinkels vir sleutelbelanghebbendes, Openbare Vergaderings en die verspreiding van dokumentasie deur middel van pos, pamflette en die gedrukte media deur die hele proses. Vraagstukke en knelpunte wat gedurende die OIS-proses geopper is, is in 'n verslag van vraagstukke vasgelê.

In Desember 2005 het Eskom Holdings Beperk (Eskom) 'n Rekord van Besluit (RoD) ontvang vir die oprigting van 'n 765kV Transmissiekraglyn tussen die bestaande Hydra Substasie en die voorgestelde nuwe Gamma Substasie. Sedertdien is daar volgehoue hoë groei ondervind in die vraag na elektrisiteit in die Wes- en Oos-Kaapprovinsies. Deur van die bestaande beplanningsprosesse gebruik te maak, het Eskom Transmissie bevind dat daar 'n behoefte bestaan om die 765 kV Hydra Substasie uit te brei en om 'n bykomende 765 kV Transmissiekraglyn op te rig om aan te sluit by die Perseus-Gamma voorgestelde 765 kV Transmissiekraglyn vanaf die uitgebreide Hydra Substasie na die Gamma Substasie. Daar is nou met 'n OIS-proses begin vir die voorgestelde projek. Die voorgestelde bykomende 765 kV Transmissiekraglyn sal parallel loop aan die Hydra-Gamma 765 kV Transmissiekraglyn, wat in Desember 2005 goedkeuring ontvang het.

Tydens die onderhandelingsproses vir 'n serwituut vir die Hydra-Gamma 1 765 kV Transmissiekraglyn, het Eskom die inisiatief geneem om die moontlikheid om 'n bykomende serwituut vir die Hydra-Gamma 2 voorgestelde 765 kV Transmissiekraglyn te verseker, met hierdie geaffekteerde grondeienaars te bespreek. Hierdie geaffekteerde grondeienaars het in beginsel ingestem tot 'n dubbele serwituut van 160 m in wydte en opsies vir hierdie dubbele serwituut is geteken.

Kragtens die Omgewingsimpakstudie (OIS)-regulasies, verlang Eskom Holdings Beperk magtiging van die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme (DEAT) vir die onderneming van die voorgestelde uitbreiding van die Hydra Substasie en bykomende 765 kV

Transmissiekraglyn. Ten einde magtiging vir alle aspekte van hierdie projek te bekom, word vereis dat omvattende, opgedateerde en geldende, onafhanklike omgewingstudies onderneem word ingevolge die nuwe OIS-regulasies.

Eskom Holdings Beperk het Bohlweki Environmental as onafhanklike konsultante aangestel om die omgewingstudies te onderneem ten einde alle potensiële omgewingsimpakte verwant aan die voorgestelde nuwe projek te identifiseer en te evalueer. 'n Omgewingsimpakstudie is 'n doeltreffende beplanning- en besluitnemingswerktuig. Dit bring mee dat die potensiële nagevolge van 'n voorgestelde projek op die omgewing vooraf geïdentifiseer en bestuur word deur die beplanningsproses. As deel van hierdie omgewingstudies sal alle B&GP's aktief betrokke wees deur 'n openbare deelnameproses.

DIE BEHOEFTE VIR DIE VOORGESTELDE PROJEK

'n Voortgesette hoë vraag vir elektrisiteit word in die Wes- en Oos-Kaapprovinsies ondervind en ten einde hierdie bestaande Transmissienetwerk te versterk en 'n betroubare elektrisiteitvoorsiening vir hierdie streek te verseker, word die uitbreiding van Hydra Substasie en die oprigting van die voorgestelde bykomende 765 kV Transmissiekraglyn voorgestel.

Belangrike inligting rakende die projek:

- Die voorgestelde uitbreiding van die 765 kV Hydra Substasie sal plaasvind aangrensend die bestaande Hydra Substasie, op eiendom in Eskom se besit.
- Die voorgestelde bykomende 765 kV Transmissiekraglyn sal opgerig word parallel aan die bestaande Hydra-Gamma 765 kV Transmissiekraglyn, 'n afstand van ongeveer 130 km.
- 'n Studiegebied (soos op die kaart aangedui) toon die grense vir die identifisering van belanghebbendes en vir spesialiste om die bevindinge van vorige studies wat onderneem is vir hierdie voorgestelde Transmissiekraglyn, te verifieer.
- Tans word voorgestel dat die kompakte dwarstou-hangtoring gebruik word. Hierdie toring in ongeveer 50 m hoog. Die totale voetspoor-oppervlak wat vir elke toring benodig word is ongeveer 80 m x 50 m.
- Die grond onder die oorhoofse drade kan, soos gewoonlik, deur die grondeienaars gebruik word. Eskom vereis egter dat geen wooneenhede of plantegroei/gewasse hoër as 4 m binne die serwituut aangelê word nie.

VOORGESTELDE OPRIGTINGSKEDULE EN METODIEK VIR DIE UITBREIDING VAN DIE HYDRA SUBSTASIE EN DIE BYKOMENDE 765 KV TRANSMISSIEKRAGLYN

Afhangend van die datum van uitreiking van die RoD, en sou 'n positiewe RoD deur die Nasionale Departement Omgewingsake en Toerisme (DEAT) uitgereik word, en ten einde die toenemende vraag vir elektrisiteit aan te spreek, word voorgestel dat Eskom in Mei 2007 met die konstruksie begin. Die konstruksietydperk vir die uitbreiding van die Hydra Substasie en die voorgestelde bykomende 765 kV Transmissiekraglyn word geraam op altesaam 24 maande. Dit sluit in die skoonmaak van die serwituut, die oprigting van die torings en die bedrading van die geleiers. Vir die Hydra Substasie-uitbreiding moet 'n bykomende 200 m x

250 m wat grens aan die bestaande substasie, skoongemaak word en groot konstruksievoertuie wat die transformators vervoer, sal toegang tot hierdie terrein moet hê.

Daar word tans voorgestel dat konstruksie begin vanaf Hydra Substasie onder na Gamma Substasie toe, wat 'n deurlopende konstruksietydperk van die voorgestelde 765 kV Transmissiekraglyn is wat by Perseus Substasie begin.

Rehabilitasie van serwituut ná konstruksie

Die aangestelde Eskom Omgewingsbeheerbeampte op die terrein sal toesien dat die kontrakteur alle versteurde areas so gou moontlik na konstruksie stabiliseer en dat die area gerehabiliteer word so na moontlik aan die oorspronklike toestand. Spesifieke aandag sal geskenk word aan hellings groter as 20° (1:5) en ander gebiede wat geneig is tot verwering, wat behoorlik aangeplant behoort te wees. Gerehabiliteerde gebiede wat vatbaar is vir verwering weens hul posisie in die landskap, sal genoegsaam beskerm word deur grondbewaringsmaatreëls.

Die heraangeplante gebiede sal deur die Omgewingsbeheerbeampte gemonitor word totdat die plantegroei gestabiliseer is. Vir die eerste twaalf maande, vind hierdie monitering gemiddeld drie-maandeliks plaas, en eenmaal per jaar daarna en mag slegs gestaak word wanneer die plantegroei gestabiliseer het.

Werkgeleenthede tydens konstruksie

Aangesien die oprigting van Transmissiekraglyne hoë vaardigheid vereis en hoofsaaklik opgerig word deur van masjinerie gebruik te maak, word daar nie beoog dat bykomende arbeid vir hierdie voorgestelde projek benodig word nie. As deel van Eskom se Maatskaplike Verantwoordelikhedprogram, sal daar egter van die aangestelde konstruksimaatskappy verlang word om, soos en wanneer nodig, van plaaslike arbeid gebruik te maak.

Gesondheid (moontlike impakte van elektro-magnetiese velde – EMV's)

Eskom kragdrade word ontwerp en gebou om te voldoen aan die Wet op Beroepsgesondheid- en beroepsveiligheid (OHS). Daarom, solank bedrywighede onder die kragdrade voldoen aan die voorwaardes van die serwituut, is dit veilig om dit aan te pak. EMV-uitwerkings verminder namate die afstand vanaf die kragdrade toeneem en enige woonkwartiere buite die serwituut sal nie deur die kragdrade geraak word nie en bestraling van die kraglyn is nul by die rand van die serwituut.

DIE OMGEWINGSMAGTIGINGSPROSES

Wat is 'n Omgewingsimpakstudie?

'n Omgewingsimpakstudie (OIS) is 'n proses om inligting wat tersaaklik is vir die oorweging van elke spesifieke aansoek, in te samel, te organiseer, te ontleed, te vertolk en oor te dra.

OIS'e word deur beplanningsowerhede/ontwikkelaars gebruik om 'n onafhanklike en objektiewe siening te bekom van die potensiele omgewingsimpakte (biofisies en maatskaplik) wat kan opduik gedurende die oprigting en bedryf van die voorgestelde ontwikkeling, in hierdie

geval 'n 765 kV Transmissiekraglyn en die uitbreiding van 'n 765 kV substasie. Hierdie inligting moet die bevoegde Owerheid voorsien van 'n gesonde basis vir hul besluitneming.

Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA)

Die OIS vir die voorgestelde bykomende 765 kV Transmissiekraglyn sal uitgevoer word ingevolge die nuwe OIS-regulasies wat afgekondig is kragtens Artikel 24 (5) gelees tesame met Artikel 44 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet No. 107 van 1998).

Bevoegde Owerheid

Die Bevoegde Owerheid, soos beskryf volgens die nuwe OIS-regulasies, vir hierdie voorgestelde projek is die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme (DEAT).

DIE OIS-PROSES VIR HIERDIE VOORGESTELDE PROJEEK

BESTEKOPNAMEFASE

Die oogmerk van hierdie fase is om 'n aanvanklike beraming te maak van die potensiele impakte van die voorgestelde ontwikkeling. Hierdie potensiele impakte word geïdentifiseer op die basis van vraagstukke en knelpunte wat deur belanghebbendes genoem word, asook lessenaarondersoeke deur OIS-spesialiste. Hierdie potensiele impakte word vervat in 'n Konsep Omgewingsbestekopnameverslag (DESR), tesame met 'n beskrywing van die gedetailleerde studies wat onderneem moet word gedurende die impakstudiefase van die OIS. Die DESR sal aan alle belanghebbendes versprei word vir kommentaar. Sodra die belanghebbendes genoeg geleentheid gehad het om te verifieer dat hul kommentaar vasgelê is, word die finale DESR by die Bevoegde Owerheid ingedien vir oorsig.

IMPAKSTUDIEFASE

Gedurende hierdie fase word gedetailleerde studies onderneem om die potensiele impakte wat gedurende die bestekopnamefase geïdentifiseer is, te ondersoek. Positiewe en negatiewe impakte word ondersoek en dit word geraam in terme van hul verwagte algehele belang. Aanbevelings word gemaak deur hierdie gedetailleerde spesialisstudies betreffende maatreëls wat in plek geplaas kan word om positiewe impakte te maksimaliseer en negatiewe impakte te minimaliseer. Alle resultate en aanbevelings van die OIS-fase word in 'n Konsep Omgewingsimpakstudie-verslag vervat wat beskikbaar gemaak word vir publieke kommentaar. Nadat kommentaar ontvang is, word die verslag gefinaliseer en aan die Bevoegde Owerheid uitgereik, tesame met 'n Omgewingsbestuurplan (EMP) vir oorsig en besluitneming.

BESLUITNEMINGSFASE

Die Bevoegde Owerheid hersien die Omgewingsimpakverslag (EIR) en raadpleeg met ander belangrike owerhede. 'n *Rekord van Besluit (RoD)* word dan uitgereik wat verklaar of die voorgestelde ontwikkeling kan voortgaan, al dan nie. Belanghebbendes word dan ingelig van die RoD, waarna hulle 'n appèl kan indien binne die bepaalde tydperk soos vasgestel deur die Bevoegde Owerheid.

OMGEWINGSVRAAGSTUKKE WAT TYDENS DIE OIS ONDERSOEK MOET WORD

Vir die doeleindes van die Hydra Substasie-uitbreiding en bykomende 765 kV Transmissiekraglyn-studie word verlang dat party spesialisstudies opgedateer word sedert vorige studies onderneem is. Hierdie studies sluit die volgende in:

SPECIALISSTUDIE	SPECIALIS WAT STUDIE ONDERNEEM
Visuele Impakte	Lourens du Plessis van MetroGIS
Diere- en Plantegroei Impakte	Joggie van Staaden van Bohlweki Environmental
Voëllewe Impakte	Jon Smallie van Endangered Wildlife Trust
Erfenisimpakte	David Morris van McGregor Museum
Toerisme Impakte	Marga van der Merwe van Grant Thornton
Impakte op landboupotensiaal	Garry Paterson van LNR Instituut vir Grond, Klimaat en Water
Sosio-ekonomiese Impakte	Anita Bron van Master Q Research

OPENBARE DEELNAMEPROSES

Openbare deelname is die hoeksteen van enige OIS en sal ook wees vir hierdie voorgestelde projek. Die beginsels van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA) beheer baie aspekte van OIS'e, insluitend openbare deelname. Hierdie proses sal B&GP's in staat stel om 'n invloed te hê op die verloop van die ondersoek en om die bevindinge van onafhanklike omgewingstudies wat onderneem sal word, in oënskou te neem.

Die belangrikste doelwit van openbare deelname gedurende hierdie OIS is om B&GP's op deurlopende grondslag van genoegsame en deursigtige inligting te voorsien. Die openbare deelnameproses bied u ook die geleentheid om kommentaar te lewer oor die bevindinge van die OIS-verslag (Bestekopname en Impakstudie) wat vir openbare oorsig beskikbaar gestel sal word.

Dit is belangrik dat tersaaklike B&GP's uit die staanspoor van die voorgestelde projek geïdentifiseer word en betrokke raak by die openbare deelnameproses en u aandag word gevestig op die twee *verantwoordelikhedsrolle*, naamlik:

U verantwoordelikhede

U, as 'n B&GP, het 'n reg om deel te neem aan hierdie proses deur verdere inligting te versoek of deur die konsultant in te lig van u knelpunte rakende die omgewing en die voorgestelde uitbreiding van die Hydra Substasie en die voorgestelde oprigting van 'n bykomende 765 kV Transmissiekraglyn tussen die uitgebreide Hydra Substasie en die Gamma Substasie. Ten einde hierdie reg uit te oefen, word u vriendelik versoek om by die openbare deelnamekantoor te registreer, of u kan deur iemand/'n organisasie (bv. Stamhoof, boere-unie) registreer wat namens u of u gemeenskap praat. As 'n B&GP het u ook 'n verantwoordelikheid om ander persone wat u dink belang kan stel in of geaffekteer kan word deur die voorgestelde ontwikkeling, in te lig en hulle aan te moedig om te registreer. U kan op enige stadium van die studie registreer, maar dit is belangrik om so gou moontlik te registreer.

Ons verantwoordelikhede

U kan ons telefonies, per landlyn of selfoon, faks, e-pos, registrasievorm of pos kontak deur die kontakbesonderhede aan die einde van hierdie AID te gebruik. Die volgende aksies sal geneem word wanneer enige kommentaar/navraag/vraagstukke ontvang word:

- Die kontakbesonderhede wat deur u voorsien word, sal in die projekdatabasis ingesleutel word en alle verdere inligtingsverklarings sal aan u gestuur word;
- Indien u aan ons navrae of kommentaar stuur, sal ons u skriftelik antwoord;
- Indien u ons skakel, sal ons u besonderhede en navraag/kommentaar aanteken. Sou ons nie in staat wees om u dadelik te antwoord nie, sal ons met verloop van tyd 'n amptelike antwoord verskaf.

Ten einde doeltreffende openbare deelname te verseker, sluit die openbare deelnameproses die volgende stappe in:

FASE 1 – Bestekopnamefase

Die primêre doel van hierdie fase is om aan B&GP's die motivering te bied vir die voorgestelde projek en om kommentaar deur u uit te lok.

Aankondiging van die geleentheid om kommentaar te lewer: B&GP's sal oor die OIS en die voorgestelde projek ingelig word deur middel van:

- briewe aan geïdentifiseerde belanghebbendes;
- advertensie in plaaslike koerante; en
- deur die AID en uitnodigingsbriewe om deel te neem aan die OIS-proses, beskikbaar te stel by geselekteerde openbare plekke wat maklik vir B&GP's toeganklik is.

Vraagstukke wat geëvalueer moet word:

- Fokusgroepvergaderings sal gehou word met groepe belanghebbendes in die voorgestelde studiegebied, insluitend geaffekteerde grondeienaars.
- 'n Werkswinkel vir belanghebbendes sal gehou word met die tersaaklike provinsiale en plaaslike owerheidstrukture (bv. WESSA)

Die doel van hierdie vergaderings is om B&GP's in te lig oor die voorgestelde projek en die OIS-proses. Dit sal ook nog 'n geleentheid bied vir belanghebbendes om enige kommentaar betreffende die voorgestelde projek in te dien.

Alle vraagstukke wat genoem word, hetsy telefonies, deur e-pos, pos of by vergaderings, sal in die Kommentaar en reaksieverslag vervat word.

Omgewingsbestekopnameverslag: 'n Konsep ESR sal saamgestel word, wat die volgende sal bevat:

- 'n voorlopige beskrywing van die voorgestelde projek;
- die potensiële impakte (positief en negatief);
- 'n rekord van alle kommentaar en vraagstukke genoem deur B&GP's; en
- die perke van ondersoek vir die omgewingspesialisstudies.

Die DESR, insluitend die Kommentaar- en Reaksieverslag, sal beskikbaar gemaak word vir openbare kommentaar. Die kommentaartydperk sal 30 opeenvolgende kalenderdae wees. Alle geregistreerde B&GP's sal per brief in kennis gestel word en advertensies sal in plaaslike koerante geplaas word. Na die tydperk vir kommentaar, sal 'n finale ESR opgestel word vir indiening by die Bevoegde Owerheid en afskrifte sal aan belanghebbendes beskikbaar gestel word.

Terugvoering oor vordering aan B&GP's

Alle geregistreerde B&GP's sal 'n persoonlike brief ontvang wat terugvoering gee oor die vordering van die OIS en om diegene te bedank wat tot op datum kommentaar gelewer het en om die volgende stappe in die OIS-proses te beskryf.

FASE 2: Impakstudiefase

Die primêre doel is die volgende:

Konsep EIR/EMP: Nadat die onderskeie omgewingspesialisstudies van die potensiële impakte voltooi is, sal die resultate in die konsep EIR/EMP vervat word.

Openbare oorsig van die konsep EIR/EMP: Die konsep EIR/EMP sal vir openbare oorsig beskikbaar gestel word vir 'n tydperk van 30 opeenvolgende kalenderdae. Dit bied B&GP's 'n geleentheid om te verifieer dat hul kommentaar en knelpunte wat hulle geopper het, na wense aangespreek is en om enige verdere kommentaar te lewer.

'n Tweede rondte Fokusgroepvergaderings en 'n Belanghebbende werkswinkel sal gehou word om die konsep EIR/EMP te hersien. Enige kommentaar wat deur B&GP's geopper word, sal in die finale EIR/EMP vervat word, wat by die Bevoegde Owerheid sal ingedien word.

Finale korrespondensie/kennisgewing: Sodra die Bevoegde Owerheid die RoD uitgereik het, sal B&GP's deur persoonlike briewe in kennis gestel word van die Bevoegde Owerheid se besluit en die prosedure om te volg, sou hulle teen die RoD wil appelleer.

'N OPFRISSING OOR HOE OM DEEL TE NEEM

1. Deur te reageer (per telefoon, faks of e-pos) op ons uitnodiging vir u deelname wat in plaaslike koerante geadverteer sal word.
2. Deur die aangehegte Registrasie- en Kommentaarvorm aan Bohlweki Environmental te pos, te faks of te e-pos.
3. Deur ons telefonies te kontak indien u 'n navraag of kommentaar het of enige verdere projekinligting verlang.
4. Deur die konsep Omgewingsbestekopnameverslag en die konsep Omgewingsimpakverslag binne die 30-dae oorsigtydperk te hersien en daaroor kommentaar te lewer.